# Ons hou aan Soek in ‘n deurmekaar wêreld

(Ds. Toit laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

Wysmuis: Hallo Maaitjies! Het julle my gemis? Sjoe dit was darm baie lanklaas wat ek by julle gekuier het... Julle almal lyk so vreemd... En selfs die Dominee lyk anders. Dit is nie Ds. Deon nie.... Tannie Niekie het my vertel dat dit is Ds. Toit... Ek hou sommer dadelik van hom want een van my gunsteling flieks is TOY story (Wysmuis lag vir haarself). Ds. Toy Story en hoop jy geniet dit vreeslik hier by Kraggakamma.

Ek wil graag vir die ander poppe ook wys hoe Ds. Toy lyk.. Maar hulle is bietjie skaam. So kom maatjies, kom help vir my op vir Stoffel en Wouter te roep. Kom ons begin by Stoffel.

Een-twee-drie: Stoffel.....

Een- Twee- Drie: Wouter..... Nou waar draai hulle? Hulle self isoleer seker? Of kruip weg agter die masker.. Kom ek gaan kyk liewer.

(Wysmuis verdwyn agter skerms)

Stoffel (Gaap- Baie moeg).. môre Maats... Ek is Jammer. Dit voel deesdae asof Eskom my eie krag ook afsit... Ek is nou al moeg vir 2021....

Wouter (Baie opgewonde en propvol energie) Hallo Hallo Hallo... Neem man Stoffel my vriend, kom ons dink positiewe gedagtes. Soos dat dit amper Desember vakansie is...

Stoffel Ja, maar wat as die President weer Desember die mooi strande toemaak.

Wouter Dit kan ons nie beheer nie. (Wouter klink hartseer). Dit sal nie lekker wees nie. Waar moet ek dan swem?

Wysmuis Ek het ’n plan. Die nuwe Ds. Dominee Toy het ‘n swembad by sy huis.... Ons kan by hom gaan swem.

Stoffel JA, JA, JA, dit sal amazing wees...

Wouter En dan kan ons Mevrou Toy Story ook ontmoet.

(Almal knik instemmend- asof hul dink dit is ‘n goeie idee)

Wysmuis: Stoffel, Wouter, het julle gehoor dat die kerk besig is met ‘n 7 weke reeks.

Stoffel: Soos ‘n series? Soos Paw patrol se episodes?

Wouter Nee Dommie... Soos ’n reeks waar die kerk vir 7 weke oor iets gesels.

Wysmuis: Ja, vir yir 7 weke gesels die kerk oor Sinsoekers.

Stoffel: Sinsoekers (huh)- soos in Engels SIN SEEKERS

Wysmuis: Nee Stoffel, nie sonde soekers nie, maar soos Sin Soekers... Soos dat ons beter wil verstaan hoe die wêreld en alles daarin werk. Ons soek betekenis. Ons wil weet hoekom en waarom. Sin soek.....

Wouter: Al wat ons in ons huis soek is Mamma se kar sleutels.

Stoffel: En Pappa se bril...

Wouter: En die TV Remote. Die bank sluk heeltyd die remote in en dan moet ons dit uitgrawe.

Stoffel: En soms kry ons nie Pappa se selfoon nie, dan moet ons dit bel en rondloop in die huis om te luister na waar die geluid vandaan kom.

Wysmuis: Dit is interessant- wanneer julle dan na goed soek- soek julle dit alleen?

Stoffel Nee, ek hou nie van alleen wees nie....

(Stoffel dink bietjie)

Stoffel Gewoonlik wanneer ek iets alleen soek, dan vat dit vir my baie langer.

Wouter Ja, vir my ook Stoffel, daarom sal ek voordat ek begin soek, eers vir iemand vra om my te help...

Wysmuis: Dit is wonderlik... Ons hoef nie alleen te soek nie... Jesus het vir ons mekaar gegee, sodat ons mekaar kan help ons goed te vind....

Stoffel: Maar dit is nie altyd lekker om goed te soek nie?

Wouter: Hoekom sê jy dit Stoffel?

Stoffel Want soms soek ek na iets, soos byvoorbeeld my favorite speelding, maar ek weet glad nie waar dit is nie

Wouter: En wat doen jy dan...

Stoffel Ek wens daar was ‘n kaart/ soos Google Maps/ wat vir my kon wys hoe om dit te vind.

Wysmuis en Wouter lag kliphard... hahahahahahahahahahahaha

Wysmuis: Ai Stoffel, mens kan nie Google maps gebruik om jou speelgoed te vind nie... Maar weet jy, in die wêreld het ons as mense ook glad nie ’n kaart van wat kom of wat voorlê nie.

Stoffel: Hoe so?

Wysmuis: Ons weet nie wat in die lewe gaan gebeur of nie gaan gebeur nie. Daar is elke dag soveel onverwagse goed wat oor ons pad kom

Wouter Soos die Covid- virus

Wysmuis: Ja, presies, soos dit wat die afgelope 2 jaar met ons gebeur het....... Maar dan- kom ons as gelowiges bymekaar, en ons lees die Bybel. En die Bybel het klomp wysheid vir hoe ons die wêreld kan verstaan, of hoe ons in die wêreld moet leef.

Stoffel: So die Bybel is ons kaart/Ons Map

Wysmuis: Jy is heeltemal reg Stoffel. Ons lees en gebruik die Bybel om te weet hoe om in die wêreld te leef. En die Bybel help ons om elke dag liefde, omgee en vergifnis te soek. Die Bybel is eintlik ons Sin SOEK BOEK.

Wouter: wooow, Wysmuis. Jy het my nou baie geleer...... SO in die wêreld waar ons sin soek, hoef ons nie alleen te soek nie.... en..... ons kan die Bybel gebruik as 'n kaart om ons te help soek. Ons sin soek boek....

Wysmuis: Doodreg. En daarom is daar vandag klomp ooms, tannies, mammas, pappas en maaitjies hier om vandag mekaar te help sin soek....

(Stilte vir 'n oomblik)

Stoffel: Ek is nouweer Fase 4 moeg.

Wouter: Ai Stoffel....

Wysmuis: Wel, Maatijes, dan gaan ons eers vir julle totsiens se. Ek hoop dat julle vanoggend by Kleuterkerk saam met tannie Candice verder sin gaan soek deur na mekaar en na die Bybel te luister....

Stoffel: En die mense hier in die kerk moet mooi na Ds. Toy se Storie luister...

Wouter: Okay Julle BAAI......

Stoffel: BAAIII

Wysmuis: TOTSIEN Maaitjies.